

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
Oktober 1978

Onderwerp: Die krag van dwaling om die leuen te glo

Lees: 2 Thessalonicense 2

Teks: 2 Thessalonicense 2 verse 11 en 12

Sing: Psalm 42 vers 3
Psalm 36 vers 3

“Dit is nie net die wederkoms van Jesus Christus wat die Kerk en die wêreld in die grootste spanning bring nie, maar ook die koms van die Antichris.

“Soos wat daar bepaalde tekens en gebeurtenisse is wat die koms van Jesus Christus voorafgaan en waardeur ons moet weet dat dit op hande is, só lei hierdie tekens en gebeurtenisse ons aandag ook na die feit dat die Antichris alreeds daar is en dat hy as die groot wettelose, as die mens van sonde, as die seun van die verderf, geopenbaar sal word. (2 Thes 2:3,8)

“Een van die tekens wat die koms van Jesus Christus voorafgaan en ook terselfdertyd die werk van die Antichris in die wêreld ontmasker, is die krag van die dwaling om die leuen te glo.

“Hier het ons een van die mees huiweringswekkende Bybeltekste, wat verklaar dat dit God is wat die krag van die dwaling stuur om die leuen te glo. En as God iets stuur, wie kan dit ooit keer? As Hy storms en oordele en orkane en aardbewings stuur, wie kan dit terughou? As God dan die krag van die dwaling stuur om die leuen te glo, dan staan die hele mensdom magteloos en dan is daar geen keer aan die algehele massiewe deurbraak van die leuen en die verskriklike aanslag wat die Antichris in die geskiedenis loots nie.

“Ja, dit is die groot aangryplike feit wat hier na vore kom. Dit is God wat stuur.

“Maar let op, daar is ’n baie belangrike rede waarom God hierdie krag stuur. Vers 11 begin met die woord ‘daarom’. Daar het sekere dinge voorafgegaan en daarom het God gestuur. Dit is volgens vers 10: diegene wat verlore gaan omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. Omdat die mense die waarheid nie liefgehad het nie,

daarom het God die krag van die dwaling gestuur om die leuen te glo.

“Die volgende is hier uiters belangrik: as die mens die waarheid nie wil glo nie, dan dwing God hom om die leuen te glo.

“Ons het hier dus met die oordeel van God te doen, wat Hy reeds in hierdie lewe oor die ongelowige voltrek. Omdat die mens die waarheid verwerp, word hy oorgegee aan die leuen.

“Dieselfde gedagte vind ons ook in Romeine 1 waar Paulus skryf dat die toorn van God kom oor die mens wat die waarheid onderdruk en daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte en begeertes van hulle harte. (Rom 1:18-32) Wie die leuen kies word uiteindelik ’n slaaf van die leuen. Wie homself verhard, word verhard.

“Op die laaste bladsy van God se Woord word die finale oordeel oor hierdie mense gestel: ‘Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word.’ (Openb 22:11)

“Die krag van die dwaling om die leuen te glo, kom midde in ons lewe as ’n oordeel van God.

“Maar wat beteken: ‘die krag van die dwaling’? In die oorspronklike vertaling beteken hierdie woord ‘krag’ - energie. En energie is iets wat aksie of ’n beweging kan veroorsaak. Ons hoor van kernkrag-energie en ons weet waartoe dit in staat is - byvoorbeeld die verskriklike ontploffing van ’n kernbom. Die woord beteken dus nie maar net ’n verbygaande vlag, of gril, of bevlieging nie. Nee, dit is ’n energie wat voortdurende kragte ontketen. En as God nou só ’n energie oor die mensdom stuur, dan staan die mens magteloos.

“Hierdie magtige energie waarteen geen mens en niks bestand is nie, is die energie wat werksaam is in ’n bepaalde veld, ’n bepaalde ruimte, naamlik die dwaling! Hierdie energie word onkeerbaar ontlaai in die mens se dwaling.

“Nou moet ons hierdie woord ‘dwaling’ nie verkeerd verstaan nie. Dit beteken nie sondermeer om ’n ketter te wees nie. [’n Ketter is ’n ‘afvallige van die regsinnige Christelike godsdiens’] Dit beteken ook nie dat die mens begin sê: ‘Weg met God en weg met die kerk en daar mag nie ’n Bybel wees nie.’ Dit is ook nie om te vloek en te skel nie.

“‘Dwaling’ beteken hier om onseker te wees. Iemand wat sonder koers is. Iemand wat heen en weer

geslinger word, sonder kompas, maar wat in die waan verkeer dat hy reg is.

“Toegepas op ’n mens se geestelike lewe en sy lewensbeskouing, is dit ramspoedig. Dit is ’n lewe sonder sekerheid. Aan elke standpunt word geproe. Vandag word in hierdie stroom afgedryf, môre weer met die stroom wat sterker is. Vir alle opinies is só ’n mens oop vir oortuiging. ’n Saak kan só opgevat word, maar dit kan ook wel anders opgevat word. Dit hang daarvan af van watter kant af jy dit bekyk.

“Só ’n lewenshouding noem die skrywer ’n dwaling. En as dit boonop kom van die energie van God, dan word dit die oorheersende houding en lewensfilosofie van die massas. Met ’n onkeerbare mag word alles dan op losse skroewe gesit in die kerk, in die samelewing, in die ekonomie, in die volkslewe, in die politiek, in rasseprobleme en die wetenskap. [Onsekerheid en koersloosheid heers.]

“Hier het ons nou die gevaarlike proses van gelykskakeling, waarteen niemand bestand is nie en wat deur geen mens gekeer kan word nie, want dit is die energie van God.

“En nou is die ontstellende dat hierdie energie van die dwaling juis ook onder ons volk en ons kerkmense posgevat het soos nog nooit tevore nie.

“In die wêreldpolitiek is die dwaling van onsekerheid, koersloosheid en beginselloosheid alreeds tot só ’n hoogspanning gelaai dat dit enige oomblik tot ’n algehele uitbarsting kan kom. Die manier waarop diplomate die kwessies in Afrika, óf die probleme van die Midde-Ooste heen en weer slinger, is iets waaraan ons al reeds gewoon geraak het.

“Vandag word ons egter vroegtyding in die kerk gewaarsku om raak te sien dat die energie van die dwaling as ’n oordeel oor die ongelowige mensdom kom; en terselfdertyd die wêreld ryp maak vir die verskyning van die Antichris.

“Vandag kom die Woord om ons te waarsku dat dit die stilte voor die storm is. Die naderende sikloon word afgekondig. Die Woord van God waarsku dus betyds.

“Vandag moet ons reeds sien dat die teelaarde van die massiewe leuen reeds vinnig voorberei word. Want die dwaling, die koersloosheid, eindig onvermydelik by die grootste afgrond waarin ’n mens kan stort - die leuen.

“Wie die waarheid afwys, word eenvoudig deur God in die arm van die leuen gedryf. En dit is God se oordeel, sê die Skrif.

“Die energie van die dwaling om die leuen te glo, kom, so sê die Bybel, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar ’n behae gehad het in die ongeregtigheid.

“Elke mens sal moet glo. As dit dan nie ’n geloof in die waarheid is nie, dan moet dit ’n geloof in die leuen wees.

“As die mens dan behae het in die ongeregtigheid, of soos dit letterlik beteken in die wetteloosheid, dan sal hy ondergaan in dieselfde wetteloosheid.

“Die energie van God het op Pinksterdag kragte ontken om die mens te red. Hierdie energie van God het ook in ons Pinksterbedeling kragte ontken om hulle wat hierdie waarheid verwerp, in die afgrond van die leuen te stort.

“Broers en Susters, God het nie ’n behae in die dood van die sondaar nie, máár dat hy hom bekeer en lewe. Maar as die sondaar hom nie wil bekeer nie en nie wil lewe nie, dan staan God nie verleë nie. Dan hoef God nie verskoning te maak vir die negatiewe uitwerking van die energie van die waarheid nie, naamlik die energie van die leuen nie.

“God staan nie sy hande van teleurstelling en vryf as die ongelowige sy ondergang tegemoet gaan nie. Nee, dit is sy soewereine energie wat die mens wat die waarheid glo, voortdryf op die pad van die ewige lewe. Dit is ook sy energie wat die mens wat weier om te glo, dryf op die dwaalpad van die verdoemenis.

“Dit is vandag nog steeds vir God ’n vreugde om mense te red. Juis daarom het Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur en plaas Hy die kruis-evangellie voor ons. Hy eis dat ons eenvoudig moet kies. Hier is my Seun, Jesus Christus. Glo in Hom en julle sal gered word. Maar as julle dan nie gered wil word nie, gebeur dit ook nie, dan kies jy self jou ondergang.

“U voel seker iets van die meedoënlose appèl wat met hierdie teks op ons lewens afkom. As die energie van dwaling die wêreld so stormende oorneem, sodat daar weinig van die waarheid in die raadsale oorgebly het, dan kom God steeds na ons en sê: ‘Vandag as julle my stem hoor, verhard julle harte nie’. (Hebr 3:7, 8)

“Gryp vandag die waarheid aan, dan sal u nie môre drywende, hooplose mense wees nie.

“Liefde tot die waarheid vereis gedurige selfverloëning. Liefde tot die waarheid is om aan Jesus vas te hou. Dan ontbrand die energie van die Heilige Gees in ons.

“Amen.”